BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# VARS

## Deel 1 - Vernuwe

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe is jou persoonlikheid? Hou jy daarvan om nuwe dinge te probeer en hou jy daarvan dat dinge moet verander, of kan jy vir jare dieselfde dinge oor en oor doen? Deel met jou groep.**

**Op watter manier of op watter tye het jy God al op 'n VARS manier beleef? Wat het gebeur? Wat dink jy het aanleiding tot die ervaring gegee?**

**Hoekom dink jy sukkel ons baie keer in ons geloofslewe om 'n vars ervaring met die Here te beleef?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**2 Korintiërs 13:5. Op watter manier dink jy kan 'n mens jou geestelike lewe ondersoek? Hoe dink jy kan 'n mens bepaal of jy nog in die geloof lewe? Wanneer laas het jy hierdie opdrag uitgevoer?**

---

**2 Korintiërs 5:17. Wat dink jy beteken dit om 'n nuwe mens te wees, as jy Jesus aangeneem het as Here en Verlosser van jou lewe?**

---

**Esegiël 18:31 en 36:26. Wat dink jy beteken dit as die Here vir ons 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee? Wanneer dink jy gebeur dit?**

---

**Wat dink jy is ons eie verantwoordelikheid, en wat is God se werk/verantwoordelikheid in die proses dat mense nuut gemaak word in Jesus Christus?**

---

**Efesiërs 4:22-24. Hoe breek 'n mens met die ou sondige mens in ons? Hoe maak ons ons gees en gedagtes nuut?**

---

**Openbaring 21:5. Hoekom dink jy wil God dinge nuut maak, in plaas daarvan om dinge net beter te maak?**

---

**In die preek is genoem dat Psalm 85 ons leer om 4 dinge te doen: *1) Ondersoek en Onthou; 2) Soek vernuwing by God: 3) Leef op 'n nuwe manier; en 4) Vertrou God vir 'n nuwe toekoms.* Watter een van hierdie is vir jou die moeilikste? Hoe kan jou groep jou in die komende week daarin help/bystaan?**

**In watter area van jou lewe vertrou jy die Here om vernuwing te bring? Skryf 'n gebed neer om die Here te vra om dit te bewerk.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**